

GRAAD 11 : KWARTAAL 2 : HERSIENING

Junie eksamen

Lees die onderstraande tekste deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS 1: Koerantartikel

Hoekom liefde vet maak

1. Selfs al eet en leef hulle gesonder, weeg mense wat in verhoudings is meer as enkellopende persone, berig Daily Mail. Paartjies en enkellopendes oefen ewe veel, het 'n studie deur die Central Queensland University in Australië gewys en die rede waarom mense gewig optel nadat hulle 'n maat gekry het is nie omdat hulle dan ongewone leefstyle volg nie.
2. Altesaam 15 000 mense het aan die studie deelgeneem wat op tien jaar se data gegrond is. Dit is oorspronklik in die mediese joernaal PLOS One gepubliseer.
3. Stephanie Schoeppe, wat die studie gelei het, het aan New Scientist gesê die rede is dalk dat paartjies hulle nie meer daarvoor hoef te bekommer om potensiele maats te probeer lok nie.
4. "Wanneer paartjies nie meer aantreklik of maer hoef te lyk om 'n maat te probeer lok nie, voel hulle gemakliker om meer te eet of hulle eet kos waarvan die vet- en suikerinhoud hoër is," het Schoeppe gesê.
5. Mense in verhoudings eet meer vrugte en groente, hulle eet nie so baie gemorskos nie, drink nie so baie alkohol nie en rook nie so baie nie. Kundiges glo die rede waarom paartjies gewig optel, is omdat hulle saam meer van al die verskillende voedselgroepe eet. Wanneer hulle dan kinders het, word die probleem boonop vererger deurdat hulle dikwels die kinders se snoepgoed en oorskietkos eet. Dr. Jerica Berge van die Minnesota University het aan New Scientist gesê dat sosiale geleenthede in huwelike rondom etes gereël word.

Bron: *Netwerk24*, 15.03.2018



1. Die navorsing uit hierdie berig is in Australië gedoen. Wat noem ons die inwoners van Australië? (1)
2. Skryf 'n teenwoordige deelwoord uit sin 1 neer. (1)
3. Verduidelik waarom dit nodig is om die woord **enkellopendes** (paragraaf 1) met 'n dubbele L te skryf. (1)
4. In paragraaf 1 is 'n komma tussen twee gesegdes weggelaat. Skryf die twee gesegdes neer en voeg die komma in soos nodig. (1)

5. Watter betekenisverandering bring die gebruik van die voorvoegsel in **ongewone** (paragraaf 1) aan die woord? (1)
6. In paragraaf 2 word die getal 15 000 in syfers geskryf, maar die getal tien word as 'n woord geskryf. Stel 'n rede voor waarom dit so gedoen word. (1)
7. Skryf 'n sinoniem neer vir die woord **data** wat binne die konteks van paragraaf 2 sal pas. (1)
8. Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 2 oor in die bedrywende vorm. (1)
9. Verbeter die spelfout wat in paragraaf 3 begaan is. (1)
10. In paragraaf 4 word die koppelteken 2 keer gebruik. Verduidelik waarom dit telkens nodig is om die koppelteken te gebruik. (2)
11. Is die **-te** in **groente** en **vrugte** deel van die stam of is dit agtervoegsels. Verduidelik jou keuse kortliks. (2)
12. Verduidelik wat is die **snoepgoed** waarvan paragraaf 5 melding maak. (1)
13. Waarvoor staan die afkorting **Dr.** Wat in paragraaf 5 gebruik word? (1)
14. Skryf die laaste sin van die artikel oor in die DIREKTE REDE. (2)

EN

TEKS 2: Advertensieteks

Bereik méér as net jou kombuisoppervlakke skoon maak.

Mr Muscle Kitchen Cleaner dood ook kieme en laat g'n aanpaksel of krapmerke nie

1. Mr Muscle Kitchen Cleaner is wetenskaplik geformuleer om
2. hardnekkige vet en vuilheid wat spesifiek op
3. kombuisoppervlakke
4. voorkom, op te los. Dit los nie net (aan+brand) vet met gemak op nie,
5. maar dood ook 99,9% van alle kieme en laat geen aanpaksel of
6. krapmerke na skoonmaak nie. Met die snelleraksie kan jy ook direk op oppervlakke spuit vir gekonsentreerde kragreiniging.





7. En dit maak Mr Muscle Kitchen Cleaner net so gerieflik as wat dit
8. doeltreffend is.

BRON: *Sarie*, November 2008

15. In die opskrif word die akuutteken gebruik om die woord meer te beklemtoon. Hoe sluit hierdie gebruik van die akuut aan by die oordedende toon van die advertensie? (1)
16. Benoem die onderstreepte bysien in reël 2-3. (1)
17. Skryf die korrekte vorm van die woord in hakies in reël 3 neer. (1)
18. Die kopieskrywer van hierdie advertensie het woordsoorte slim ingespan om sy advertensie oordedend te hou. Skryf TWEE woordsoorte wat hy gebruik. Ondersteun jou antwoord met gepaste voorbeelde uit die advertensie. (2)
19. As watter woordsoort word **dood** in hierdie advertensie gebruik? (1)

TEKS 3: Strokiesprent

Blok 1 	Blok 2  EN NOU AMPIE? EK VOEL 'N BIETJIE AF. EK HAAT JANUARIE! NA DIE VAKANSIE IS DAAR NIKS WAT MY OPGEWONDE KAN MAAK NIE.
Blok 3  IS DAAR NIE EEN OF ANDER PIL WAT EK KAN SLUK NIE? ENIGEIETS OM BETER TE VOEL! KOM ONS BRAAI MAN.	Blok 4  OU STIX, JY KEN DAREM MEDISYNES EN GOED... HMM, DIS EINTLIK 'N OU BOERERAAT

Bron: *Rapporttydskrif*

20. Hoe voel Ampie as hy sê hy voel "af"? (1)

21. Skryf die trappe van vergelyking vir **opgewonde** neer.(1)
22. Gebruik Ampie die woord pil in die denotatiewe of konnotatiewe betekenis? Verduidelik jou antwoord. (2)